# PROFIEL VAN DIE STELLENBOSCH-DOKTER

# PROFILE OF THE STELLENBOSCH DOCTOR

***Die pas-afgestudeerde Stellenbosch-dokter moet oor die nodige kennis, vaardighede en gesindhede beskik om gedurende die internskap die beskikbare geleenthede optimaal te benut om na afloop daarvan daartoe in staat te wees om selfstandig in die primêre gesondheidsektor te funksioneer, en moet ook toegerus wees met die nodige vermoë en insig om persoonlik en professioneel verder te ontwikkel.***

***The recently graduated Stellenbosch doctor must possess the necessary knowledge, skills and attitudes to optimally utilise the opportunities available during the internship so as to be able to function autonomously in the primary health care sector thereafter, and must also be equipped with the necessary ability and insight to develop further personally and professionally.***

***Ten einde hieraan te voldoen moet die pas-afgestudeerde die volgende professionele kenmerke (eienskappe) openbaar:***
***To fulfil these requirements, the recent graduate must exhibit the following professional characteristics:***

## Kennis
## *Knowledge*

Die pas-afgestudeerde student sal oor toepaslike kennis beskik van:
*The recent graduate will have relevant knowledge of:*

1. Noodsaaklike geneeskundig toepaslike wetenskaplike en wiskundige begrippe.
   *Necessary medically applicable scientific and mathematical concepts.*
2. Die normale funksie en morfologie van die menslike liggaam en psige.
   *The normal function and morphology of the human body and psyche.*
3. Die abnormale funksie en morfologie van die menslike liggaam en psige.
   *The abnormal function and morphology of the human body and psyche.*
4. Die behoud van gesondheid en voorkoming van siektes (fisies, psigies en sosiaal).
   *The maintenance of health and prevention of disease (physical, mental and social).*
5. Die herkenning en diagnose van algemene siektes en afwykings van die menslike liggaam en psige.
   *The recognition and diagnosis of common diseases and abnormalities of the human body and psyche.*
6. Behandelings- en rehabilitasie-moontlikhede.
   *Treatment and rehabilitation options.*
7. Die toepaslike gebruik en beperkings van spesiale ondersoeke en diagnostiese metodes.
   *The appropriate use and limitations of special investigations and diagnostic methods.*
8. Faktore in die gemeenskapsomgewing wat gesondheid kan beïnvloed.
   *Factors in the community environment that can influence health.*
9. Finansies, bestuur en strukture van gesondheidsorg.
   *Finances, management and structures of health care.*
10. Etiek en regsaspekte wat betrekking het op geneeskunde.
    *Ethics and legal aspects that are applicable to medicine.*
11. Die interaksie tussen biologiese, psigologiese en sosiologiese faktore wat 'n rol speel in gesondheid.
    *The interaction between biological, psychological and sociological factors that play a role in health.*
12. Alternatiewe en komplimentêre geneeskunde.
    *Alternative and complementary medicine.*
13. Die beginsels van navorsing.
    *The principles of research.*
14. ‘n Interdissiplinêre benadering in gesondheidsorg en die rolle en vaardighede van verwante gesondheidsorg-professies
    *An interdisciplinary approach in health care and the roles and skills of allied health professionals*

## Vaardighede
## *Skills*

1. Die vermoë om kennis te integreer, te interpreteer en toe te pas.
   *The ability to integrate, interpret and apply knowledge.*
2. Die vermoë om probleemoplossend te dink en op te tree.
   *The ability to think and act in a problem solving fashion.*
3. Die vermoë om doeltreffend met pasiënte uit verskillende kultuurgroepe te kommunikeer in die proses van diagnose en hantering.
   *The ability to communicate effectively with patients from different cultural groups in the process of diagnosis and management.*
4. Voldoende vaardigheid in diagnostiese en terapeutiese prosedures om as intern te kan funksioneer.
   *Sufficient skills in diagnostic and therapeutic procedures to be able to function as intern.*
5. Die vermoë om holisties binne gesins- en gemeenskaps-verband te kan funksioneer.
   *The ability to function holistically within the context of family and community.*
6. Die vermoë om 'n primêre gesondheidsinfrastruktuur te vestig en te bestuur.
   *The ability to establish and manage a primary health infrastructure.*
7. Die vermoë om toepaslike vakliteratuur te interpreteer en toe te pas.
   *The ability to interpret and apply relevant literature.*
8. Die vermoë om eie aktiwiteite verantwoordelik en effektief te organiseer en bestuur.
   *The ability to manage and organise one's activities responsibly and effectively.*
9. Die vermoë om in stresvolle omstandighede doeltreffend te kan funksioneer.
   *The ability to function effectively in stressful circumstances.*
10. Die vermoë om optimaal binne die interdissiplinêre gesondheidsorgspan te kan funksioneer.
    *The ability to function optimally within the interdisciplinary health care team.*
11. Die vermoë om deel te neem aan en leiding te gee ten opsigte van voortgesette en indiensopleiding sowel as gemeenskaps-opvoeding.
    *The ability to take part in and guide continuous and in-service training as well as community education.*
12. Die vermoë om toepaslike tegnologiese hulpbronne (bv. rekenaars) doeltreffend te benut binne die gesondheids-omgewing.
    *The ability to effectively utilise relevant technological resources (e.g. computers) in the health environment*

## Houdings/Gesindhede
## *Attitudes/Views*

1. Respek vir lewe, self asook die mens en sy diversiteit.
   *Respect for life, self as well as humankind and its diversity.*
2. 'n Lojaal en eties verantwoordbare gesindheid teenoor die professie, pasiënte en gemeenskap.
   *A loyal and ethically accountable disposition towards the profession, patients and community.*
3. 'n Erkenning van die beperkings van eie kennis en vaardighede.
   *An acknowledgement of the limitations of own knowledge and skills.*
4. 'n Positiewe ingesteldheid tot voortdurende professionele ontwikkeling.
   *A positive disposition towards continuing professional development.*
5. 'n Bereidwilligheid tot betrokkenheid en diensbaarheid binne die breë gemeenskap.
   *A willingness for involvement and service within the broad community.*
6. 'n Empatiese ingesteldheid teenoor die pasiënt, sy familie asook die gemeenskap en 'n bereidwilligheid tot toeganklikheid.
   *An empathetic disposition towards patients, their family as well as the community and a willingness for accessibility.*
7. Die aanvaarding van sy/haar volle verantwoordelikheid binne die pasiënt-dokter-verhouding.
   *The acceptance of his/her full responsibility within the patient/doctor relationship.*
8. Die bereidwilligheid om 'n positiewe voorbeeld ten opsigte van sosiale verantwoordelikhede en verpligtinge te stel.
   *The willingness to set a positive example regarding social responsibilities and obligations.*
9. Erkenning van die belang van die interdissiplinêre spanbenadering in pasiëntsorg en respek vir die ander lede van die interdissiplinêre gesondheidspan sowel as erkenning van verwante gesondheidsorgprofessies se bydrae tot omvattende gesondheidsorg.
   *Acknowledgement of the importance of the interdisciplinary team approach in patient care and respect for the other members of the interdisciplinary health team as well as acknowledgement of the contribution of the allied health professions to comprehensive health care*